## 24 Julie Genesis 1:2-5; Psalm 104:19-24

### *Dag en nag*

In die begin het God die hemel en die aarde geskep. Die aarde was woes en leeg en duisternis was op die wêreldvloed. Toe het God gesê: Laat daar lig wees. Lig in die duisternis. Lig vir die mens om te werk, te speel, te studeer, te geniet van die skepping. Lig waarsonder menige dier nie kan sien waar hy gaan nie. Lig vir die planteryk om te fotosinteer.

Toe sien God dat die lig goed was. En Hy het skeiding gemaak tussen die lig en die duisternis. Opvallend: Met die skepping van lig vat God die duisternis nie heeltemal weg nie. Dit mag nie. Want ook die duisternis is vir die mens en die dier en die planteryk noodsaaklik. Vir die mens is die donker van die nag nodig om tot rus te kom. Vir baie diere is die donker nag nodig om op jag uit te gaan. Die jong leeus brul om roof en begeer hulle voedsel van God. As die son opgaan, trek hulle hul terug en gaan lê in hulle slaapplekke.

Dag en nag, lig en donker, beide ewe noodsaaklik. Beide afgemeet en daargestel deur God die Skepper - vir ons om eerbiedig te onderhou. Die daglig roep: Kom tot aksie, voer jou kultuuropdrag uit tot eer van God. Die donker van die aand roep eweneens: Gaan huis toe, kom tot ruste. In die roep weerklink tegelyk 'n dubbele waarskuwing - geen onproduktiwiteit, maar ook geen werkolisme. God is 'n God van orde, en van gesonde balans.

Sing: Psalm 104:12, 14 Ds. GJ. Meijer (Wonderboompoort)